# KERNDOELWITTE
# en vernaamste geïntegreerde risiko's

## Remgro se kerndoelwitte

Bestuur met die doel om **gedeelde waardeskepping** en **volhoubare groei** vir alle **belanghebbendes** te **maksimeer.**

**1**

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy wat verbind is om die toekoms te help vorm en 'n vennoot in welvaart vir Suid-Afrika te wees.

**2**

Ons visie is om 'n betroubare beleggingsmaatskappy van keuse te wees wat volgehoue en volhoubare en langtermyn waarde vir belanghebbendes skep.

**3**

Ons kritieke rol van rentmeesterskap van ons onderliggende beleggings, vertoningsrekord van vaardige kapitale toewysing, insluitende omsigtige bestuur en konstante handhawing van 'n sterk finansiële posisie help ons om in 'n gediversifiseerde portefeulje van ondernemings te belê wat voortreflike verdienste en dividendgroei oor die lang termyn kan voorsien tot voordeel van al ons belanghebbendes, terwyl 'n meetbare ESG-impak, wat gedeelde waarde aan alle betrokkenes lewer, bevorder word.

**4**

Ons doel is om 'n leier in die ontwikkeling van ESG- en korporatiewe volhoubaarheid te wees asook om dit integraal tot ons besigheid te maak. Remgro glo dat die grootste vordering ten opsigte van ons volhoubaarheidsagenda gemaak kan word deur ESG, in vennootskap met al ons onderliggende maatskappye, regdeur Remgro en sy waardekettings te implementeer.

Die volgende aspekte word as fundamenteel vir **volhoubare groei** en **welvaartskepping** beskou.

## Om eties sake te doen

**1**

Deur altyd die impak van die maatskappy se strategie op sy kommersiële volhoubaarheid, die impak op die gemeenskap waarin hy sake bedryf en die omgewing in aanmerking te neem, lei Remgro tot 'n verantwoordelike korporatiewe burger en belegger.

**2**

Leierskap gegrond op 'n etiese fondasie lei tot 'n kultuur van etiese en morele gedrag en die nakoming van wette, reëls, kodes en standaarde. Konstante bereiking van doelwitte skep vertroue, terwyl etiese omgewings ook hoë personeelmoraal en verhoogde prestasie bevorder.

**3**

Deur altyd daarna te streef om die "regte ding te doen", posisioneer Remgro homself as die betroubare beleggingsvennoot van keuse.

# Vernaamste geïntegreerde volhoubaarheidsaandrywers

1

Remgro se grootte en invloed stel hom in staat om beduidende belange te bekom in ondernemings wat groot genoeg is om 'n wesentlike uitwerking op sy verdienste en netto batewaarde te hê. Remgro se status as 'n betroubare beleggingsmaatskappy van keuse, wat voldoen aan ESG- en volhoubaarheidsbeginsels, vergemaklik die bou van strategiese vennootskappe en toegang tot beleggingsgeleenthede, waar die impak doelbewus in die lewensiklus van beleggings geïntegreer word. Daarby stel die ontbondeling van gevestigde besighede aan aandeelhouers Remgro in staat om waarde te ontsluit en verleen dit aan die onderneming beweeglikheid om ongenoteerde beleggingsgeleenthede te ondersoek.

2

'n Gesonde staat van finansiële stand, met lae skuldvlakke, stel Remgro in staat om nuwe beleggings te maak, of om sy belang te verhoog in beleggings wat goed presteer of om groeigeleenthede te befonds deur middel van aandeelhouerlenings. Verder bevorder dit die sake-veerkragtigheid van die groep in onstabiele globale omgewings.

3

Remgro se rentmeesterskap van sy onderliggende beleggings deur middel van kundige en ervare bestuurders, is 'n kritieke waardetoevoeging en bevorder daarby sy volhoubaarheidsagenda om, gedryf deur ESG-beginsels, gedrag en standaarde regdeur die groep te bewerkstellig en sodoende algemene en gesamentlike volhoubaarheidsdoelwitte te behaal.

4

Remgro se fokus op ESG-beginsels, innovasie en toekomsontwikkelings dien as insette vir sy ESG beleggings-raamwerk en -mandaat.

5

Remgro se verbintenis om sy ESG-vordering te meet, aanvanklik deur die verskaffing van deursigtige en akkurate inligting en openbaarmaking en later teenoor teikens wat voldoen aan internasionale en plaaslike erkende standaarde.

6

Doeltreffende risikobestuurspraktyke verseker dat die impak van ESG op sy beleggingsportefeulje deeglik oorweeg en tydig versag word.

# Vernaamste geïntegreerde risiko's

Remgro se vernaamste risiko's en geleenthede word hieronder saamgevat. 'n Meer omvattende ontleding van ons risiko-bestuursproses word in die risiko- en geleentheidsbestuursverslag gegee, terwyl die belangrikste finansiële risiko's, insluitende dié wat verband hou met die wêreld-ekonomie en wisselkoerse, in die verslag van die HFB behandel word. Die impak van die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, sosio-politieke onrus, ekonomiese verswakking op eksterne risiko en geleentheid, asook die implikasies vir Remgro se Ses Kapitale en risiko-aptyt, word ook in die risiko- en geleentheidsbestuursverslag op bladsy 122 hanteer.

| Sleuteldoelwitte en konteks | Geïntegreerde risiko's/geleenthede |
|---|---|
| Om 'n vennoot in Suid-Afrika se welvaart te wees. Dit sluit die suksesvolle en volhoubare vertoning van die besigheid in om ekonomiese groei te bevorder, werksgeleenthede te skep, belasting te betaal en saam te werk vir 'n suksesvolle bestuurde land tot voordeel van al sy mense. | Gebeure soos toenemende geopolitieke onstabiliteit, pandemies en ongunstige weersomstandighede en 'n dalende ekonomie onderstreep en verhoog die ongelykhede in Suid-Afrika en wêreldwyd. |
| Om 'n betroubare beleggingsmaatskappy van keuse te wees wat konsekwent volhoubare waarde skep. | **Operasionele omgewing**<br>Suid-Afrikaanse landrisiko weens sosio-politieke onrus, lae ekonomiese groei, groter tekort van die lopende rekening, stygende inflasie en rentekoerse, asook begrotingstekorte.<br>Ondanks fiskale verligtingsmaatreëls het die regulerende reaksie en sosio-ekonomiese impak groei scenario's belemmer. |
| | **Vertroue**<br>Wêreldwyd word beleggersvertroue versterk deur 'n goeie reputasie vir voortreflike bestuur, etiek, gesonde risikobestuur en konsekwente ervaring ten opsigte van die bereiking van gestelde doelwitte. |
| | **Struktuur en prestasie**<br>Beleggers vereis volhoubare opbrengste en die ontsluiting van waarde in beleggingshouermaatskappye in ooreenstemming met die risikoprofiel van die belegging wat gemaak is. |
| | **Prestasie van onderliggende beleggings**<br>Die vermoë van die direksies van onderliggende beleggings om ontwrigtende tegnologie-risiko's betyds te identifiseer en daarop te reageer, asook op geleenthede, politieke, omgewings-, maatskaplike, regulatoriese of ekonomiese ontwikkelings in hul markte.<br>Voldoende vermoë om te innoveer kan mededingingsvermoë strem. |
| Om 'n leier te wees in die ontwikkeling van ESG en korporatiewe volhoubaarheid in 'n Suid-Afrikaanse konteks. | Oor dekades heen, en op 'n globale skaal, het die swak, of swak ingeligte regerings, saam met bevolkingsgroei, industrialisasie en die verhoogde verbruik van natuurlike hulpbronne, globale verwarming, asook die ontwrigting van weerpatrone, stygende migrasie van mense, massiewe besoedeling van die natuurlike omgewing en ander nadelige gevolge in die hand gewerk, wat met verloop van tyd 'n impak op die planeet se volhoubaarheid sal hê.<br>In reaksie hierop probeer regerings, gemeenskappe, belangegroepe en beleggers deur middel van regulering, beter tegnologie, oproepe om groter deursigtigheid en rapportering, sowel as gedragsveranderinge as rentmeesters vir toekomstige geslagte, om die proses te vertraag, en mettertyd om te keer, ten einde 'n volhoubare toekoms te verseker. |

## Risikoverminderingstrategieë

Remgro se rol is om finansiële opbrengste aan aandeelhouers te lewer, terwyl 'n positiewe meetbare ESG-impak bevorder word wat gedeelde waarde aan alle belangegroep verskaf.

ESG word doelbewus deel van die besigheidstrategie gemaak om te verseker dat gemeenskaps- en omgewingsbelangegroepe oorweeg word in die strategieë, beleggingsmandate en besigheidsmodelle van die groep. Verantwoordelike gedrag deur diensverskaffers word inkorporeer in voorwaardes van verbintenis.

Gefokusde belangegroep-kommunikasie- en skakelingsprosesse.

KMB- en gemeenskapsinisiatiewe.

Remgro se verantwoordelike beleggingsbeginsels lê ten grondslag van beleggingsbesluite, met inagneming van streng riglyne en robuuste maatstawwe in die bestuur van bates en die najaag van nuwe beleggings.

Vennootskappe met onderliggende beleggings regoor hul waardekettings om ESG-beginsels te implementeer en konsekwente standaarde regdeur die groep te skep.

Bekendstelling van 'n standaardbedryfsprosedure vir beleggingsbestuurders om ESG in hul besluite te integreer.

Die direksie, sowel as die direksies van onderliggende beleggings, fokus in 'n toenemende mate op die oplossing van dringende aangeleenthede, soos buitelandse valutarisiko, maatskaplike onrus, kragvoorsieningsrisiko, waterskaarste, wetgewing en regulatoriese aangeleenthede en toename in misdaad, deur strategiese en/of beheerprosesse.

Verhoogde klem op verhoudingskapitaal en belangegroep-interaksie.

Remgro handhaaf 'n trotse rekord van stewige bestuur by wyse van sigbare etiese leierskap, deursigtige en duidelike belangegroep-kommunikasie, die daarstelling van 'n gesonde risiko- en beheeromgewing en die behandeling van belangegroepe met respek en agting.

Ons streef na voortreflikheid in alles wat ons doen en handhaaf 'n kultuur van aanspreeklikheid.

Vergoedingsbeginsels is in ooreenstemming met dié van aandeelhouers.

Samestelling van 'n jaarlikse basislyn ESG-impakverslag om vordering by Remgro en sy onderliggende beleggings te meet.

Verskaffing van deursigtige en akkurate openbaarmakings teenoor gedefinieerde doelwitte en in ooreenstemming met erkende internasionale en plaaslike standaarde om ESG-prestasie te meet.

Beleggingstrategieë sluit 'n fokus op die optimalisering van die beleggingsportefeulje in, asook die ontsluiting van waarde vir belangegroepe.

Die direksie handhaaf 'n gesonde risiko-aptyt en verseker dat die groep voldoende gestruktureer en gekapitaliseer is om volhoubaarheid tydens negatiewe siklusse te verseker, asook geposisioneer is vir groei deur omsigtige kapitaaltoewysing en finansiële ondersteuning aan groeiende en presterende onderliggende beleggings.

Belegging in menslike kapitaal en die effektiewe ontplooiing van verhoudings- en intellektuele kapitaal ondersteun verder groei by onderliggende beleggings.

Die Future Fit-proses, onder toesig van die bestuursraad, verseker 'n innoverende en entrepreneursgees van hoë prestasie, asook krag in inklusiwiteit en diversiteit.

Verteenwoordiging in die direksies van onderliggende beleggings verseker doeltreffende oorsig en die ondersteuning van hoë prestasie-, gemotiveerde en etiese bestuurspanne.

Die volhoubaarheid van die maatskappy, asook dié van onderliggende beleggings, is afhanklik van hul vermoë om markneigings en ander ontwrigtende impakte in hul markte, of besigheidsmodel, wat hul besighede wesentlik kan beïnvloed, te identifiseer en daarop te reageer.

Optimalisering van menslike, intellektuele, vervaardigings- en verhoudingskapitaal deur groepsamewerking.

Strukturering van diverse beleggingsportefeulje om blootstelling oor nywerheidsektore te verskans.

Verwys asseblief na die verkorte ESG en Volhoubaarheidsverslag en TCFD verslag op bladsye 68 en 72 van die geïntegreerde jaarverslag.

Remgro gaan voort om ESG in sy besigheidsmodel, strategieë en bedryfsaktiwiteite vas te lê. Ook deur aandeelhouersregte, en in vennootskap met onderliggende beleggings om ESG beginsels en konstante standaarde te implementeer om gemeenskaplike volhoubaarheidsdoelwitte te bereik, poog Remgro om alle betrokkenes te motiveer om beste internasionale praktyke en norms te aanvaar en gevorderde bestuurs-, risiko- en geleentheidbestuursprosesse, asook ander verwante prosesse, te monitor ten einde uitdrukking aan die doelwit te gee om deur voorbeeld, 'n leier in ESG te wees en saam te werk in gebiede buite sy beheer.